# Die WAPAD


## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur:** R. G. Kriel. **Tegniese Adviseur:** P. J. W. Louw.
**Hulp-Adviseur:** P. H. S. Pieterse.
**Subredakteure:** L. Dekker, L. S. Kruger, M Venter, Mejj. H. Hofmeyr en H. Yssel.
**Administrasie:** J. P. H. Viljoen (voors.), G. J. Wissing, L. J. Nelson, B. J. Kruger.

Deel IV. No. 7. 28 JUNIE 1949. 3/- per jaar.


# ONS KYK TERUG

## DIE HALFJAAR IN DIE VERENIGINGSLEWE

**By 'n terugblik oor die verenigingslewe in die eerste semester, is daar alle rede tot tevredenheid. Daar is min programvergaderings gehou, maar dit is hoofsaaklik as gevolg van 'n versoek van die senaat.**

Die strekking van die werk wat gedoen is, is verblydend. Dit staan veral in die lig van A.S.B. se navorsing i.v.m. die rasseprobleme. **Studente is te geneig om studie uit die verenigingslewe te weer maar dit is 'n verkeerde opvatting** A.S.B. se huidige onderneming gee aan alle lede 'n hegte agtergrond in probleme waarmee hulle in hulle akademiese studie nie veel te doen kry nie, en dis verblydend dat studente self die navorsing doen. Ons hoop dat ons hierdeur in staat sal wees om op die A.S.B.-konferensie in Stellenbosch 'n eensgesinde en duidelike formulering van ons kleurbeleid daar te stel. As teenvoeter vir N.U.S.A.S. moet ons kan toon dat ons beleid op stewige godsdienstige, sosiale en politieke gronde berus en nie, soos hulle dit wil, op haat en vrees nie.

**A.S.B. is 'n organisasie wat kragtig sy invloed laat geld in ons studentelewe. As dit op alle universiteite gaan soos hier, is ons verseker dat die Afrikaanse student in die vervolg nie alleen met jeugdige vuur nie maar met die krag van 'n beginselvaste eenheid leiding gaan gee in die volk.**

„Korps" het vanjaar die groot voorreg gehad om twee hoogaangeskrewe sprekers te kry: Proff. Berkouwer en Waterink. Die lesings wat die twee here gehou het, sal baie lank onthou word. **Daar word egter een beswaar teen hierdie vereniging gevoel, naamlik dat hulle (ons sluit nie vanjaar hierby in nie) te min geleentheid gee aan studenteredenaars. Ons twyfel of die hoë peil wat „Korps" se werk kenmerk, daardeur verlaag sal word, terwyl daar onteenseglik baie voor te sê sal wees dat ons seniorstudente 'n meer leidende aandeel aan die vergaderings neem.**

Die Debatsvereniging verdien lof vir die feit dat hy ook sekere aspekte van die rasseprobleem laat bespreek. Daar word baie baat gevind by die besprekinge. In hierdie verband kan ook aan die T.S.V., hoewel dit nie 'n gewone studentevereniging is nie, 'n

(Vervolg op bls. 4, kol. 2).

# MEJ. M. COETZEE

Sy het hier gekom in „Heimat" in 1945. Daardie tyd was Ta' Pellie hier Ma, en sy het Ousus geword.

Maar sy sou nie lank in „Heimat" bly nie, want in 1946 maak hulle van Thabajäh 'n manskoshuis en mej. Coetzee moes daar haar plek gaan volstaan. En, het sy dit gedoen. Vir die eerste keer op die P.U.K., het sy nou 'n eie kombuis waar sy sake kan reël, 'n eetsaal waarvoor sy verantwoordelik is, 'n koshuis waar sy die netheid kan bewerkstellig. Vanaf 1946 tot einde 1948 het Ousus bewys dat sy buitengewoon knap en bekwaam is. Elkeen wat ooit in Thabajäh gekom het, kan daarvan getuig.

In skole en koshuise, al is dit Universiteitskoshuise, is die owerhede altyd meer simpatiek teenoor die dames as teenoor die mans. Ousus was nie. Sy het van die mans gehou, vir hulle gesorg soos haar klein broertjies, en hulle soms mooi op die tone getrap.

Maar Ousus se eerste liefde was sterker. Vir ses maande moes sy eers weer 'n bietjie lekker in „Heimat" kom bly, voordat sy P.U.K. verlaat.

**Ja, Ousus gaan weg. As u soms luister in die kerk sou u eendag gehoor het: „Hiermee geskied..... huweliksafkondiging .... met Mar-**

(Vervolg op bls. 2, kol. 2).

ELKE DAG VARS

TURKSTRA SE BAKKERY

BROOD EN ALLE KOEKSOORTE.

RAADPLEEG ONS VIR

BRUIDSKOEKE.

Ons strewe is Diens aan die Publiek. Service to the Public is the inspiration of our efforts!

Always first with the Latest Shoe Creation.

Altyd eerste met die nuutste skeppings in Skoene.

**Largest Distributors of High Grade Footwear in South Africa.**

**Grootste Distribueerders van Stewels en Skoene in Suid-Afrika.**

W. M. CUTHBERT

Posbus—296—P.O. Box
Foon—137—Phone
**POTCHEFSTROOM.**

Skoeisel-Spesialiteite
Footwear Specialists

W. J. SPAVINS EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodighede, Draadlose, Koelkaste.

**KERKSTRAAT 65, POTCHEFSTROOM.**

*Die Wapad.*

28 Junie 1949.

# ONS INTERVARSITY-GEES

Indien 'n student hom verbind aan 'n inrigting, dan word van hom as 'n sedelike verpligting verwag dat hy hom moet onderwerp aan die reëls van genoemde inrigting.

Van 'n P.U.K.-student word verwag dat hy as redelik-sedelike wese die P.U.K. se beginsels sal onderskrywe. Die P.U.K. het 'n stryd om te stry wat geen ander universitêre-inrigting in Suid-Afrika ken nie nl. om Gods Woord te erken as Liggewer in die bestudering van die wetenskap. En dit is juis teen die ander inrigtings wat die stryd (gedeelte) gaan.

Die taak rus ook op ons as studente aan hierdie enigste Christelike Universiteit in ons land om die Christelike beginsels uit te dra in die buitewêreld. Op baie terreine doen ons dit ook. Anders as by sommige ander universiteite tref ons nie by P.U.K. die verskynsel aan dat met intervarsity die dag afgesluit word met allerhande onverantwoordelikheid en buitensporighede soos dronkenskap nie. Van 'n ware Afrikanerstudent word sulke skandedade ook nie verwag nie. **Ons wil dan ook die Pukkies in die algemeen gelukwens met hul besondere goeie gedrag tydens die afgelope twee intervarsities.**

Maar ongelukkig is daar 'n paar studente—gelukkig slegs 'n paar—wat ons beginsels nie in ag neem nie. En in hierdie verband wil ons twee sake aanraak wat tydens die afgelope naweek met intervarsity te voorskyn gekom het.

Die eerste een is kaartspel. Gelukkig is slegs 'n paar enkelinge daarby betrokke, maar by hulle moet ons die streep trek en „halt" roep. P.U.K.-studente. met P.U.K.-kleurbaadjies aan, wat op 'n trein en selfs in die eetsalon sit en kaartspeel, laat 'n wrange smaak na. Hierdie paar studente is soos verraaiers in ons stryd. Kaartspel is geen onskuldige vermaak soos sommige beweer nie. By kaartspel kom dit nie neer op suiwer verstandelike oorleg of behendigheid nie. By kaartspel—net soos dobbelarey en lotery—word egter gesteun op 'n geheimsinnige mag wat nie God is nie, maar die godin Fortuna, fortuin, tower, kuns, ens. „Kaartspel is geen Gereformeerde zede" (prof. Geesink). Deur hierdie kaartspel op treine, maar ook hier en daar in die koshuise, verkrag die verantwoordelike studente die P.U.K. se beginsel en eer.

'n Tweede saak is die dra van kleurbaadjies op Sondae. Verlede Sondag is in Pretoria P.U.K.-kleurbaadjies opgemerk. Hierdie mense moet dit 'n saak van die gewete maak om die kleurreëls wat hulle onderteken ht, nie te oortree nie. Dit mag oud-studente wees wat die P.U.K. so skade berokken het, maar dit is geen verskoning nie. Een en elkeen van ons moet die kleurreëls respekteer al is dit jare nadat ons die universiteit verlaat het, terwille van die gewete en terwille van die P.U.K. Een vlieg is genoeg om die salf te bederf. Slegs één oortreding is 'n wapen in die hand van ons teenstanders.

Laat ons toon dat ons 'n besondere beginsel het, wat ons op elke terrein van die lewe en te alle tye handhaaf: In U Lig! En dit is 'n eer en voorreg om daarvoor te stry!

(Vervolg van bls. 1, kol. 3).

**tha Coetzee ..... Ousus gaan trou. Geluk, juffrou, ons voel saam met u bly. Mog die lewe vir u baie goed wees en nog veel moois bring.** P.U.K. het 'n sterk krag in Mej. Coetzee verloor. Mense, dink net aan die dinees wat sy gereël het. Sal ons dit weer kry?

Vir alles wat u vir die P.U.K. gedoen het, juffrou, baie dankie—geluk met die verbeteringe wat u in die koshuise aangebring het. **Nogmaals baie geluk en totsiens met 'n handdruk soos net 'n P.U.Kaner kan gee. Mooi loop!**

'n Lewe sonder liefde beteken niks nie, 'n liefde sonder lewe nog minder.

# ALGEMENE KENNIS

## No. 4. IETS OOR KLOKKE

(Deur BOKWAGTER).

Die metaal waaruit klokke gegiet word, is 'n allooi—'n mengsel van koper en tin, met 'n verhouding van 4 dele koper tot 1 deel tin of 3 tot 1. Outoriteite is dit hier nie eens oor watter verhouding die suiwerste klank sal gee nie. Vroeër was die gedagte nogal algemeen dat 'n hoeveelheid silwer ook in die mengsel bygevoeg word om sodoende aan die klok 'n „soeter” klank te gee, maar dit is onwaar, want selfs 'n klein bietjie silwer bederf die klank. Tog hang die klank nie net van die saamstelling van die metaal af nie, maar ook van die vorm van die klok en die verhouding tussen sy hoogte, wydte en dikte. Daarom het klokke, wat uit 'n kleiner hoeveelheid metaal gemaak is 'n baie skerper, harder en ru klank as 'n klok van dieselfde formaat wat uit 'n groter hoeveelheid metaal gemaak is.

Die gebruik van klokke is reeds vanaf die vroegste tye bekend. So is in Egipte die Osiris fees met klokgelui aangekondig. Ook by Israel het die hoëpriesters klokkies aan hulle klere geheg: goue klokkies aan die soom van die mantel.

Die gebruik van klokke by die Christelike Kerk word gewoonlik aan Paulinus biskop van Nola in Campania ongeveer 400 n.C., toegeskryf. Omdat in Campania die eerste toringklok gemaak is, het hulle die naam Campanae gekry. Spoedig is klokke by kloosters en kerke gebruik. In Frankryk kry ons die eerste kerkklok in 550 n.C. Reeds so vroeg as 600 n.C. vind ons klokgelui met elke uur. nl. op bevel van Pous Sabinian om die volk te waarsku i.v.m. die nadering van die horae canonicae d.i. die uur van godsdiensoefening. Gedurende die 9e eeu het klokke in die Ooste in gebruik gekom, maar in Switserland en Duitsland eers in die 11e eeu. Aan die begin toe hierdie klokke in kerktorings of spesiale torings geplaas is, was die vorm van die klokke klein en langwerpig.

In die 11e eeu het die swaarste klok wat destyds vervaardig is, by die kerk van Orleons gehang. 'n Reuse klok met 'n gewig van 2,600 pond! Stadigaan is groter klokke gegiet sodat hulle in die 15e eeu el 'n „redelike” omvang begin aanneem het.

So bv. het die „Jacqueline”-klok van Parys wat in 1400 n.C. gegiet is al 15,000 lb. geweeg. 'n Ander Paryse klok wat in 1472 gegiet is, het 25,000 lb. geweeg. Die beraamde klok van Rouen wat in 1501 gegiet is, het 36,364 lb. geweeg.

Die grootste klok in die wêreld is die „groot klok”, ook genoem „die Monary van Moskou,” wat 'n hoogte en deursnee van meer as 21 voet het en wat n 1734 gegiet is, maar reeds in 1937 het dit weens 'n brand geval en so in die grond weggesink gelê tot 1837 toe dit weer opgehef is. Vandag vorm hierdie klok die dom van 'n kapel.

Omdat die Christelike Kerk reeds van vroeg af klokke i.v.m. sy eredienste gebruik het, het die Mohammedane die gebruik van klokke verwerp en dit vervang deur die skreeu van die Imaum van die top van die Moskee af.

Aan klokklanke is reeds van vroeg af geheime kragte toegeskrywe—o.a. is geglo dat klokgelui met die storms, pestilensies en die vyande kan wegdrywe: So het selfs die biskop van Malta in 1852 beveel dat die kerkklokke vir 'n volle uur moes lui om 'n storm wind te laat bedaar! Ook i.v.m. die 5 1/10 ton klok by die St. Pauls kerk in Londen het 'n sonderlinge bygeloof ontstaan nl. dat wanneer hierdie klok lui (wat slegs geskied as 'n lid van die koninklike familie of 'n gesiene inwoner van die stad sterf) al die bier in die omgewing suur word!

In Engeland is die aandklokstelsel ook eerste ingevoer—die sg. „curfewbell” wat Willem die Ooorwinnaar saans om 8 uur laat lui het waarop die inwoners al hul ligte en vure moes doodmaak!

Die klokkespel soos veral by die slaan van die ure, het in Nederland die eerste ontstaan.

Maar die gebruik van klokkies aan die nekke van perde en vee, was egter al by die Romeine bekend!


**P. H. JOB**

King Edwardstraat 51,
(oorkant Queen's Hotel)
POTCHEFSTROOM.

Foon 1031.

* * *

Agent ELECTION horlosies
Büren, Lanco, Ernest Borel, Renee etc.
VIR EERSTEKLAS REPARASIES EN GRAVEERWERK.

**P. GROBBELAAR**

FOON 331.
KING EDWARDSTRAAT 114,
POTCHEFSTROOM.

PRAKTIESE SNYER EN KLEREMAKER.

★

Distribueerder van Rex Trueform Klerasie.

**J.N.J. KRITZINGER**

FOTOGRAAF

ROYAL HOTEL-GEBOU,

Kerkstraat 84, Telefoon 455,

POTCHEFSTROOM.

AS U 'N FOTO WIL SKENK,

Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

Potchefstroom
se Mees Moderne
DAMES-KLEREWINKEL

Die jongste versameling van
**Dames rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodighede, ens**

BY

**LA VOGUE**
(J. M. Taylor)

**Posbus 221.** **Foon 440.**

**BLACK'S**

DAMES EN MANS

UITRUSTERS

* * *

**Posbus 197.** **Foon 179.**

**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

DIT IS TRADISIE DAT DIE
P.U.K.-STUDENT
van al sy benodighede deur
**DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL**
voorsien word.

**Studieboeke, Vulpenne, Skryfbenodighede, Populêre Leesstof en Tikmasjiene word in voorraad gehou.**

Ondersteun u eie Boekhandel

**DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL**

**Foon 497,** **Kerkstraat 90, POTCHEFSTROOM.**

# Oordenking.

**Openb. 2: 2a: „EK KEN JOU WERKE."**

Beangstigende woord! Die Regverdige Regter wat rekenskap eis, wat inspeksie doen oor die lewe van elkeen!

Opmerklik,—die woorde klink as 'n refrein by die begin van elkeen van die sewe briewe aan die gemeentes in Openbaring 2 en 3. Dis 'n heldere klokkeslag wat afgemete en deurdringend die lug deurhuiwer om die boodskap van die Openbaringboek te laat uitgalm—Hy kom!

„Ek ken jou werke."

Werke—ja, sekerlik die uiterlike gedrag en handele, maar ook die innerlike sielsgesteldheid en lewenstoon.

En hierin lê juis die **beskuldiginge** in hierdie woord. God, die Here, ken elkeen persoonlik, Hy rig sy strenge oog op elkeen se doen en late, elkeen se innerlike lewensrigting.

Ook tot u as studente kom die woord: „Ek ken jou werke." En wat sien God by u—pligsversuim, oppervlakkige lewe, geestelike koudheid, beuselagtige tydverkwisting!

Hy weet hoe dikwels u geleef het asof Hy nie bestaan nie.

„Ek ken pou werke"—dis asof mens huiwer voor die ontsettende aanklag in die woorde.

'n Halfjaar is verby—sidder u by die gedagte dat God u verborge, persoonlike, sondige werke ken? Laat dit u bring tot **skuldbelydenis** voor die Almagtige!

„Ek ken jou werke."

Dis ook 'n **vertroostende** woord. Want om deur God geken te word beteken om deur Hom in sy liefde gekoester te word. Sy kenne sluit sorg en liefde in. Hy weet watter maaksel ons is, gdagtig dat ons stof is. En in onse Here Jesus Christus toonG od dat Hy ons hele sondige bestaan ken, want daarom het Hy ons tot sy kinders aangeneem.

En dis juis die heerlike—dat God ons sondige werke wil vergewe en ons wil sterk om Gode toegewyde werk te doen.

En nou ken Hy ook met 'n deurvorsende kennis hoe u gestry het teen die duiwel, die wêreld en u eie vlees. Hy weet ook van die ywer en nougesetheid waarmee u as student gewerk het. Die ure wat u, sonder dat enige mens dit weet, geboë oor u boeke gesit het, is by Hom bekend.

Hy ken ook u gebede wat u gebid het om 'n verligte verstand, om krag en ywer, om 'n Kragtige geloof.

„Ek ken jou werke."

Heerlike woord vir hom wat uit die skuilhoek van valse gerustheid gekom het en aan God kon bely „My werke, my lewe is nie werd om deur U geken te word nie," maar wat ook kon dank „Ek loof U, Vader, omdat U my geken het en nog wil ken as u kind."

Twee kwartale is verby! U is bly dat die rustyd aangebreek het! **Onthou**, God sê aan u persoonlik: „Ek ken jou werke."

B. DUVENAGE.

(Vervolg van bls. 1, kol. 2).

woord van waardering gerig word vir die intensiewe en selfs interuniversitêre studie wat hulle doen i.v.m. die skriftuurlike grondslae van apartheid.

Van die „Alabama" en die Toneelvereniging hoef nie veel gesê te word nie. Almal weet hoe groot hulle geesdrif is en watter groot toere hulle gaan onderneem. Ons beste wense vergesel hulle in hulle ondernemings. Die Toneelvereniging het 'n prestasie behaal deur die sukses wat „Oktobernag" op T.A.T.S.A. tebeurt geval het.

Skaak het weer groot geesdrif gaande begin maak, sodat die ou Skaakklub herstig kon word en reeds aan die intervarsity deelgeneem het.

**Waar ons inrigting 'n groot terugslag op akademie gebied ondervind het, toon sy studentelewe 'n gesonde gees en hardwerkende idealisme.**

## DIE UNIVERSITEITS-VASVRA.

Die S.A.U.K. het weer 'n reeks vasvra wedstryde gereël maar hierdie keer is dit die universiteite se beurt om kragte met mekaar te meet.

Van elke universiteit word verwag om twee spanne—een vir Engels en een vir Afrikaans—van drie lede elk te benoem, wat dan die universiteit in die reeks sal verteenwoordig. Na samestelling van die span mag die lede nie verwissel word nie, tensy siekte of onvermydelike uitstedigheid 'n plaasvervanger noodsaak.

Die „Universiteits-Vasvra" soos die reeks genoem word se eerste wedstryd sal in **Afrikaans op 13 Augustus 1949** en in **Engels op 14 Augustus 1949** plaasvind en daar sal weekliks 'n botsing wees totdat die reeks op 1 Oktober in Afrikaans en of 2 Oktober in Engels eindig.

Die plan van die wedstryd is as volg:

**Eerste Ronde:**

(1) Universiteit van Kaapstad teen Universiteit van Stellenbosch.

(2) Universiteit van Pretoria teen Universiteit van Witwatersrand.

(3) Universiteitskollege van O.V.S. teen Potchefstroomse Universiteitskollege.

(4) Universiteit van Natal teen Rhodes Universiteit.

(5) Hugenote Universiteitskollege teen wenner van (4).

**Tweede Ronde:**

(a) Wenner van (1) teen wenner van (2).

(Vervolg op bls. 6, kol. 3).

## CYRIEL VERSCHAEVE.

(Vervolg).

Gebied van die nag, waaruit die lewe ontspring: die moeder! Gebied van die dag, wat verlig en orden wat reeds is: die man!

* * *

'n Man is 'n mens wat waag om 'n mens, en niks anders nie, te wees.

* * * *

'n Man is 'n mens wat koppig die jongeling bly wat hy was.

* * * *

Onsalig die man wat tot die stryd geroep word en nie tot in sy siel vry is nie.

* * *

Helde vra nie waar hulle helde moet wees nie, hulle is dit op die eerste die beste plek.

* * *

Die held veg vir sy grond, die rower vir die goud.

### 5. DIE LEWE.

Uit waarheid, in die begin uit bitter waarheid, rys die lewe.

* * *

Die lewe is geen troon om op te setel nie, maar 'n brug om oor te stap van wêreld tot wêreld.

* * *

Die lewe is nie: wees, maar: word. Eie bloed is lewe, vreemde bloed is juk.

* * *

God se gawes in ons is sterker as onsself. Hulle drang, wat 'n wesensdrang is, kan en mag ons nie weerstaan nie.


* * * *

Wie nie kan styg nie, trek neer.

* * *

Halfheid skeur.

(Vervolg op bladsy 11, kol. 1).


DIE NUWE VELOCETTE 149 c.c.

Twee-silinder, Waterkoeling, met aandryf-as

£147/10/0

J. HEIDEMA

Kerkstraat 30, teenoor die Geref. Kerk, POTCHEFSTROOM.

INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE en KOLONIALE WYNSOORTE en SPIRITUALIEË.

*LEES*—

Die Westelike Stem

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

:o:

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

*Studente!*

As u gaan Fliek, of in die dorp kom BESOEK

ASTRA MILK BAR

(LANGS DIE GRAND).

DIE KAFEE WAT DIE STUDENT SE DORS LES.




# EK SING VAN

**Platbos:**

„Die dae wat nog sal kom, ken hy.
Hy weet van die jare wat nog sal wees
En sy oë kyk vorentoe sonder vrees."

**Terburgh:**

„Elke nasie het sy martelare . . ."

**Gert Oosthuizen:**

„Maanhaar en stert soos 'n sybok gekartel."

**Emmie:**

„As ou tant Siena straatop loop
om antipon of spek te koop."

**Schutte:**

„'n Swaar voorwerp as ligte onderwerp."

**Bouke:**

„Al is 'n jongeling so goed en edel
met goed en eer bedeel
Tog sal hy om 'n handjie bedel
'n Soentjie sal hy steel."

**Van Johnson: :**

„Cupido het eers vry rondgedwaal.'

**Petoors:**

„Skaars was ek agtien jare oud,
Toen vry ik al na Sannie,
Myn sakhorlosie was van goud
En 'k ge pad vir g'n man nie."

**Mariet:**

„Haar ouers het ons uitgelag
Hul seg ons is maar fulletjies.
En ek moet eers 'n bietjie wag
Met sulke kinderspulletjies."

**Jessie:**

„Hulle mag van klyne foetjies praat,
Maar Jessie het twee knewels."

(Vervolg op bls. 11, kol. 1).

## TONEELVERENIGING.

Gedurende die wintervakansie onderneem ons 'n toer en besoek die volgende plekke:

| | |
|---|---|
| Wolmaransstad | 29 Junie |
| Christiana | 1 Julie. |
| Kimberley | 2 Julie. |
| De Aar | 4 Julie. |
| Middelburg | 5 Julie. |
| Steynsburg | 8 Julie. |
| Molteno | 9 Julie. |
| Burgersdorp | 11 Julie. |
| Aliwal | 12 Julie. |
| Bethulie | 15 Julie. |
| Edenburg | 16 Julie. |
| Brandfort | 18 Julie. |
| Theunissen | 19 Julie. |

**Indien enige Puk gedurende die tye op genoemde plekke is, kom woon die opvoering by en bring u vriende saam.** Ons toer ten behoewe van die biblioteekfonds.

L. R. BOTHA (Voors.)

(Vervolg van bladsy 5, kol. 1).

(b) Wenner van (3) teen wenner van (4) en (5).

**Derde Ronde:**

1. Wenner van (a) teen wenner van (b).

Die persone wat die P.U.K. in die Afrikaanse afdeling sal verteenwoordig is Mnre. **Norval, Pienaar** en **Coetzee** en in die Engels Mnre. **Buys, Terblanch** en **du Bruyn.**

Hiermee wens ons die here geluk met hul insluiting in die span en heet hulle alle sterkte toe. **P.U.K. maak op u staat.**

*Wanneer u*

OU VRIENDE(INNE) WIL ONTMOET,
LANG PRETTE WIL MAAK,
LEKKER WIL ONTSPAN,
EN TERSELFDERTYD LEKKER WIL EET,

*Kom na*

**CACHET VERVERSINGSKAMER**

Tee, Koffie, Koeldranke, Eetware, Sigarette,
ens., alle tye van die dag verkrygbaar.

Eienaar: H. J. Kruger.

# SPORT

## RUGBY

**Die intervarsity is verby en weliswaar is ons almal bitter teleurgestel in die uitslag. Daar kan baie gepraat word oor foute wat spelers gemaak het, oor kanse wat verspeel is, ens., maar ons moet soos sportmanne erken dat U.P. te goed vir ons was.**

Vernaam ons voorspelers kan nie teen hulle kers vashou nie. P.U.K. se agterlyn het as geheel goed vertoon, maar van aanval was daar nie veel sprake nie. Uit die vaste skrums, lynstane en losskrums het U.P. soos klokslag die bal bekom. P.U.K. moes deurgaans verdedig.

In ons verdediging het daar iets gehaper wat die gevolg gehad het dat U.P. se agterlyn gate deur ons gehardloop het, en dit is: Ons losskakel val agter die agterlyn in om te dek met dien verstande dat die losvoorspelers die losskakel in toom moet hou. En dit het bitter weinig gebeur. Die gevolg was dat U.P. se losskakel elke keer feitlik 'n opening kon vind om sodoende ons verdediging te ontwrig.

**P.U.K. se agterlyn het skitterend vertoon. Pierre** het die spel van sy lewe op heelagter gespeel en **Kuhn** het die berugte **Daantjie Retief** so geplant dat 'n mens gewonder het wanneer hy begin groei. **Amie** het die paar keer wat hy die bal bekom het mooi genael en **Platte Rykaart, Haupt** en **Fires** kon nie veel uitrig omdat hul die bal feitlik nooit gesien het nie.

Aan U.P. kom die eer van die oorwinning. Hulle het hard gespeel, want hulle het geweet dat alles in die stryd gewerp moes word om te wen. En hulle het ook en verdien die oorwinning van 16—0.

**Die Navy** het baie swak begin en spoedig 12—0 agtergeloop. Hulle het egter gerehabiliteer en kon die res van die wedstryd hul doellyn skoon hou. Die eindtelling was 12—3. Ook by die Navy het die bewuste stormlope na die doellyn net soos die Theos. ontbreek.

**As daar 'n span was wat gespeel het, waar elkeen besiel was met die idee om te wen, dan was dit Kaspaas se onder-19.** Dit was 'n lus gewees om hulle te aanskou. Dit is die eerste span wat daarin kon slaag om Tuks se onder-19 vanjaar die loef af te steek. As hierdie spelers volhou met hierdie besielende wyse van speel, dan kan die P.U.K. met vertroue die toekoms inkyk. Hul is more se Theosspelers. Die eindtelling was 9—8 in P.U.K. se guns.

Wat die ander sportsoorte betref, kan vermeld word **dat die tradisie weer gehandhaaf is en P.U.K. weereens die jukskeikoning is.**


Albei ons mansspanne asook die damesspan was een te veel vir die Tuks.

**Die Manshokkie** se eerstespan kon

(Vervolg op bls. 8, kol. 1).

„OORVERTEL DEUR SPRINGBOK” Nr. 5

# ‚Laaste Man In' Behaal Springbokke se Eerste Toets-oorwinning!




**In die geskiedkundige Kriekettoets van 1906 in Johannesburg het die vooruitsigte van 'n eerste Springbok-oorwinning oor Engeland inderdaad maar skraal gelyk . . .**



**Met 'n telling van slegs 91 in hul eerste beurt moes die Springbokke 284 in hul tweede beurt aanteken—en ses paaltjies het reeds vir 105 geval!**

**En toe het Dave Nourse die beurt van sy lewe gespeel . . . dog daar was nog 45 lopies nodig toe Sherwell, die kaptein, by hom aansluit vir die laaste paaltjie. Met nog vier lopies om aan te teken, het Nourse 'n drie behaal, wat die telling gelykop gemaak het . . . en toe slaan Sherwell 'n volle dryfhou na die relings en dawer die Wanderersterrein van die uitbundige gejuig vir Suid-Afrika se dramatiese oorwinning op die laaste oomblik.**




10 - 20 - 50
*Met of sonder kurk*

# SPRINGBOK

*Die Sportman se Sigaret*

U/S 359

# M. B. BLOCH

**KERKSTRAAT.**

HUISRAAD, STOWE

en

STOOFPARTE

# LUCILLE

DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die

Jongste.

Foon 62.
**Kerkstraat 146,**
**POTCHEFSTROOM.**

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER

# J. P. V.D. WALT. L.F.V

Apteker

**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**
Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**

* * *

**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

VRA VIR DIE

Beroemde

*"Bennie Osler"*

RUGBY STEWELS

**„GRAND CHALLENGE",**
**"INTERNATIONAL"**
**EN "JUNIOR"**

vanaf 32/6

* * *

# DE BRUYN SE SKOENWINKELS

**(EDMS.) BPK.**

**POTCHEFSTROOM.**


(Vervolg van bls. 7, kol 3).

ook koning kraai oor die Tukkies, maar ongelukkig moes ons tweedespan die knie buig met 1—0.

Die Tukkies het ook op die tennisbaan hul meesterskap getoon.

Oor die algemeen het die intervarsity vele teleurstellinngs vir ons ingehou, maar as sportmanne moet ons dit so aanvaar en begin voorberei vir die stryd volgende jaar. **Teen U.K.O.V.S. het ons gewys wat gedoen kan word en tenspyte van die agterstand van byna drieduisend in getalle kan ons hulle die loof afsteek. Miskien sal dit nog volgende jaar geskied.**

**Geluk aan alle Pukkies met hul prestasies.**

**ONS VOORUITSIGTE.**

In die ons terugkyk na ons rugby van die afgelope half jaar, kan ons roem op skitterende oorwinnings, maar 'n paar noodlottige neerlae pryk ook op die blaaie van die geskiedenis. En dit is hierdie neerlae wat Theos. van die Neser-beker weerhou. Die pad om die Blaine te bekom, lê nog oop.

Tot dusver het die eerstespan ses bekerwedstryde gespeel waarvan drie gewen en drie verloor is. P.U.K. het in hierdie wedstryde 30 punte aangeteken met 40 teen hulle. **Platbos** is die „scoring factor" in die P.U.K.-span. Hy het alreeds 18 punte aangeteken; **Haupt** 6; **Murray** 3 en **Bul** 3.

**Die Onder-19** loop nog voor in die derde liga afdeling.

**Fires** word geluk gewens met die insluiting in die Wes-Transvaalse span teen die All Blacks. Ook **Haupt** wat as reserwe gekies is.

## DAMES-HOKKIE

Nog 'n intervarsity is verby en ons moes ongelukkig die knie voor die Tukkies buig. Dit het egter gladnie ons moed gebreek nie en ons is vasbeslote om nog te toon dat ons kán wen. Ons het vol moed op die veld gedraf en met vuur begin speel. Tukkies se middel-voorspeler en kapteine E. van Heerden was egter te goed en het telkens daarin geslaag om ons verdediging te ontwyk en met pragtige houe die een na die ander doel in te oes. Graag wil ons haar en haar span gelukwens met hulle mooi spel en oorwinning. Vir ons eie span wil ons ook net sê: „Julle het mooi gespeel Pukke—ons sal Tukkies nog

(Vervolg op bls. 10, kol. 2).

## ONS BRING HULDE

Dat daar ook helde op die P.U.K.-gronde rondpeuter, is wel bekend. Helde vanweë adelike afkoms en daarmee-gepaardgaande, selfopgelegde roem. Vermaardheid veral vanweë onverbiddelike aanslae op skoonheidsvestings, wat selfs 'n Napolein sou laat watertand gedurende sy Navorsingsveldtog in Noord-Afrika, waar sy groot lewensideaal verwesentlik is, nl. om op 'n wit Olifant te ry.

Ons stel aan u voor, die grootste onder die grootes, Veldmaarskalk **Erlen Eisehardt,** steeds steigende „mit der Kraft der Verzweiflung" na die hoogste sport van sy voorgestelde, subjektiewe roem. Nie alleen is hy 'n held as gevolg van sy ongekende uithouvermoë nie, maar veelmeer as gevolg van sy vermoë om die een bloutjie na die ander van sy stuitiglyfie, of te wel lywige stuitjie, af te skud. Geen wonder dus, dat hy reeds in die lente van sy steurende loopbaan deur homself geslaan is met die orde van die Bamboestokswaaier. Tans, ook al in die aand van sy kleuterjare, is sy roem en faam nog net so irreterend vanweë die niks-beduidenswaardigheid daarvan.

Met bewondering, soos die van 'n

(Vervolg op bls. 11, kol. 2).

## KORFBAL.

**INTERVARSITY TEEN U.P.**

Die eerste helfte van die spel was ons dames taamlik oorbluf. Die Tukkies het een doel na die ander ingegooi. Ons kon nie op stryk kom nie. Onthou dit was 'n vreemde spel! Met pouse egter het ons 7 elkeen besluit om vas te trap en te speel! Die telling was toe 16—8.

Met **Heleen** as ons kapteine het ons weer gespeel soos altyd. Die **Tukkies** het begin benoud raak. Die aanmerkings: „Ai, Tuks sit 'n krediettelling op!" het verdwyn. Die spel het geeindig 22—14 in Tukkies se guns. Geen P.U.Kaner hoef hom egter te geskaam het vir die gehalte van spel, gelewer deur Heleen en haar makkers nie. Dit was die eerste neerlaag wat ons hierdie seisoen gely het.

Die Tweede-span! Ja wel, hulle het ons naam hoog gehou. Baie geluk **Hermie!** Ons voel trots op jou en jou span!

H. SCHEEPERS (Sekre.)

# DIE ALABAMA RUK OP NA DIE NOORDE

**„Begin ons klein, ons ideaal is groot." So sing ons almal saam van ons Alma Mater. Maar so sing die lede van die P.U.K.-orkes vir ons liewe ou Alabama ook. Ons kén hom—ons weet waartoe hy in staat is, maar ons weet hoe om hoog te strewe sonder om laag te val.**

Al het ons klein begin, het die orkes gegroei en deur die opofferinge en bereidwilligheid van die lede is ons nie alleen nou in staat nie, maar ook reg om nou op te ruk na die Noorde. Daardie hele beboste geweste van ons land gaan oorrompel word, en dit deur musiek en sang. Elke plek sal annekseer word en die P.U.K.-vlag sal daar wapper. Die hordes—d.w.s. die met toe ore en verharde harte—slaan ons eenvoudig met 'n tamboer plat, of ons saag sy hartsnare met 'n strykstok af. Hulle kannie standhou nie, want ons het behoorlike—selfs onweerstaanbare—nooiens. Hulle sal laglag oor die slagveld loop en die Noorde sal in hulle hande so sag word soos klei!

Die Noorde verwag ons! Einste hy! Ons verneem bv. van Potgietersrust dat hulle al klaar hensop. Hulle reël die dag met ons aankoms daar 'n yslike straatkollekte vir die biblioteek. Maar Nylstroom voetval ook al: ons kry hulle saal verniet. (Byvoorbaat dankie P.P.Rust en Nylstroom! Julle verower ons harte). Daar sal egter nog sulkes wees, want die Alabama bly onweerstaanbaar.

Pukkies, dit staan julle natuurlik vry om ons te help in hierdie opmars. **Ons „eis" vriendelik van julle om ons ooral op die onderskeie dorpe te verkondig. Ons reisplan is die vg.:**

| | |
|---|---|
| 30 Junie | Bethal. |
| 1 Julie | Ermelo. |
| 2 Julie | Carolina. |
| 4 Julie | Nelspruit. |
| 5 Julie | Baberton. |
| 8 Julie | Duivelskloof. |
| 9 Julie | Tzaneen. |
| 11 Julie | Pietersburg. |
| 12 Julie | Louis Trichardt. |
| 13 Julie | Potgietersrust. |
| 14 Julie | Naboomspruit. |
| 15 Julie | Nylstroom. |
| 16 Julie | Warmbad. |
| 18 Julie | Brits. |
| 19 Julie | Rustenburg. |
| 5 Augustus | Klerksdorp. |
| 6 Augustus | Wolmaransstad. |
| 13 Augustus | Potchefstroom. |

Graag wil ek langs hierdie weg Pukkies wat soveel tyd vir die Alabama opgeoffer het, hartlik bedank. Ek weet julle het dit gedoen met die volle besef van die erns van die saak, maar, dit is die eerste tree op ons weg na sukses. Gaan so voort en u sal niks minder as louere behaal. Nogmaals, my hartlike dank.

Vir **Jannie Labuschagne** en sy toneelspelers wil ek alle sterkte toewens op hulle toer. Hulle opofferinge en moeilikhede was ook gladnie gering nie, maar dit is op daardie moeilike weë waar sukses nie wegbly nie.

**Hou die vakkel hoog, en oorrompel die Suide, Jannie!**

ALWYN SMIT.

---

(Vervolg van bls. 8, kol. 1).

in eie munt terug betaal." Anna het met haar unitmuntende spel haar span voorgegaan en verdien alle lof. Hoewel weining van ons die tweedespan kon sien speel wil ons hulle gelukwens want die een doel waarmee hulle verloor het was, volgens die Tukkies self, meer net 'n ongeluk.

M. CALITZ (Sekre.)


# W. A. VENTER

**HORLOSIE-MAKER en JUWELIER**
**Kerkstraat 130,**
**POTCHEFSTROOM.**

Ons is direkte invoerders van enige soort horlosie en klokke, sowel as hulle onderdele wat ons altyd in groot voorrade het.

**Ook WAX, ROAMER en ELECTION HORLOSIES hier verkrybaar.**

# GILFILLAN EN STROH

**POTCHEFSTROOM.**

FIETSE EN FIETSREPARASIES

**DRIE BEROEMDE**
1/6 GENEESMIDDELS:

**Alma Hartdruppels,**

**Metafos: die groot senuweeversterker,**

**Maxo Poeiers vir Hoofpyn, Rumatiek en Griep.**

# S. M. LEWIS, BPK

**APTEKERS,**
**POTCHEFSTROOM.**

# W. J. GROBBELAAR

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

*Jamal Machineless Cream Perm.*
*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.

**Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.**

# PROEFGEE OP KLIPDRIF

Klipdrif! Party van ons het met fietse daar aangekom, vol stof, ander met die trein, vol roet, en ander het sommer net aangekom, vol heimwee. Kinderkins, daar is nou 'n verlate plek! Die aand na ete, wat deurgaans baie smaaklik was, het Perd voorgestel dat ons 'n bietjie veld se kant toe staan om, nouja, ons moes tog die plek leer ken. 'n Regte Boerseun, dié Perd!

Die volgende môre is ons gewek deur die ou oom se stem: „Hardloop, jou (—— en dan 'n klomp byvoeglike naamwoorde wat ek nie kan onthou nie—) Kaffer!" Ou Buys het uit die vere gespring en met die dop-emmertjie windpomp-toe gedraf vir waswater, en genoemde water se temperatuur was enigiets onder kookpunt.

Ons het ewe breë bors by die skool aangekom en begin kennismaak. Onder al die leerkragte was daar net 'n skrale aantal van een onderwyseressie. Sy was, tussen ons, gladnie sleg nie. Ek het haar aangekyk en gewonder hoe daar dan iets moois uit Klipdrif kan kom, toe my oog vir Piet Fennie vang wat sy vuis in sy broeksak gebal het, en dit ongemerk dreigend in my rigting skud. Omdat hy meer kennis van onderwys ens. het, het ek teruggestaan.

**Die skool het begin, en dit was nie twee periodes nie, of Amie het twee „nigger-balls" by 'n Std. I dogtertjie en present gekry, en Aap het 'n paar kortregters en reguitlinkers onder die Std. 8 seuns uitgedeel.**

Daardie aand het Piet daar by die skool-juffer uitgeval. Die volgende aand was dit my beurt. Ek het gedink ek sal iets kan verbeter op Piet se werk van die vorige aand, maar ag, hoe bedroë het ek daarvan afgekom!

My taktiek het in die verlede altyd min of meer ooreengekom met 'n kritiekles in gimnastiek. Hierdie was inderdaad ook 'n kritiekles! Soos in gimnastiek het ek met „Opwarming" begin. Sy was nog effens van balans af, en het my net met 'n geamuseerde glimlaggie aangekyk.

Na 'n deeglike opwarming het ek met die „Voorbereidende Oefeninge" begin. Hier het die glimlaggie stadig verdwyn, en toe ek wou naderstaan na die „Hoofdeel" se kant toe, het sy my 'n klap gegee en begin kritiseer.

„Hierdie metode van jou is benede peil," sê sy. „Die gebeurlikhede volg mekaar te entonig en vanselfsprekend op. Mens voel al van die begin af wat jou „Aanbieding" gaan wees. Jou metode bevat nie daardie verrassingselement van Piet Fennie se deur-in-die-huis-val-taktiek nie. Bestudeer sy metodes en kom probeer volgende kwartaal weer."

Ek het, soos 'n hond, stert tussen die bene, huis-toe gestap en Piet se blad gaan skud. Nou het ek eers gesien hoe 'n amateur ek langs hom vertoon het.

Aangesien genoemde kritikus die enigste juffer in Klipdrif was wat nie middae en saans moes studeer en skottelgoed was nie, het Buys en ek gaan studie waarneem. Ons het die tyd omgekry deur 'n bietjie brug te speel. Ek het my hand bak voor my mond gemaak, vir Buys daarop gewys dat mens darem ook nie 'n Standerd 8 dogter moet onderskat nie, en hom op 'n besonder treffende voorbeeld gewys.. Vrinne, julle sal nie glo nie, maar Piet Fennie se juffer kan gaan slaap vir haar.

Of dit geluk of telepatie was, weet ek nie, maar dit was nie twee minute nie, of genoemde dogter kom vra my om haar te help met 'n paar idiome wat ek die dog vir hulle gegee het. Omdat daar teveel lawaai in die studiesaal was, het ons in die eetsaal langsaan gaan sit.

Nou, ons B.P.Ed.-mob word geleer om alles wat ons sê te demonstreer.

(Vervolg op bls. 12, kol 3).


C. VAN DER MERWE

KERKSTRAAT 92,
POTCHEFSTROOM.

* * * *

Fietse en Fietsonderdele

en Reparasies.

STUDENTE!
Vanaf 1 April l.l. het

DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK

(Eienaars van: „Die Vaderland," „Die Brandwag," „Rooi Rose," „Kort en Goed," „Sondagnuus," ens. ens.) nie alleen in daad maar ook in naam in **Potchefstroom** verteenwoordig. Vanaf genoemde datum dryf ons handel onder die naam van

DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK

**IN DIE OU "HERALD" GEBOUE**
**(Kerkstraat 110)**
wat tans herbou is in 'n pragtige MODERNE WINKEL vir
**BOEKE, SKRYFBEHOEFTES EN PRESENTE.**

Ondersteun u Afrikaanse besigheid!

Die Afrikaanse Pers Beperk

**Posbus 149. Potchefstroom. Foon 363**
(Voorheen DIRK PONS EN KIE.)
**Kerkstraat 110.**

POTCHEFSTSROOM
DRY CLEANING WORKS

FOON 789. POTGIETERSTRAAT 18.

PROBEER ONS

VLEKLOSE DROOGSKOONMAAK EN SPOEDIGE AFLEWERINGS.

*Eienaar:*

P. D. DE WET POTGIETER

POTGIETERSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

(Vervolg van bls. 5, kol. 2).

**6. DIE LEWE EN DIE VOLK.**

Goud en roem vernietig. Wie slegs daarvan droom, droom van sy dood.

*-*-*-*

As 'n droom bloedige erns is, dan is hy ook bepaald. Vir newels sal geen mens sterf nie, maar wel vir die helder en die tasbare beeld van sy liefde.

* * *

Wie reguit gaan, gaan miskien lank, en hy kom daar. Wie uit sy koers gaan, gaan ewig en kom nooit daar nie.

* * *

Wie nie homself is nie, is niks.
Die uur van 'n volk breek net eenkeer aan. Sy uur beslis sy eeue.

* * *

Met 'n halwe wil word 'n volk half gered, dit wil sê: heeltemal verloor.

* * *

'n Volk sterf deur geen moordaanslag nie, maar alleen deur selfmoord, en selfmoord is ontaarding.

CYRIEL VERSCHAEVE.

**EK SING VAN ......**

**Uys:**
„My vuurtjie en ek is op wag
my vuurtjie en ek alleen."

**L. Kruger:**
„Hoe kan die nagwind soms kom roer die snaarwerk van 'n mens se hart."

**D. Stoker:**
„ . . Ruis lispelend 'n lome waterval."

**Napoleon en Rooi Koos:**
„Teen die rooi van die kafferboomblomme, is bloed maar skyn van kleur."

**Aap Swanepoel:**
„En swarter die stormsweer wolke belaai met die onweer se mag."

**Antje Dawids:**
„Haar wese is erns, sy gaan haar weg in swye."

**Nassie:**
„Dis skoon vir 'n held om te val aan die voete van wie hy gedien het."

**Du Toitjie:**
„Simsonkragtig gepees,
Soos die Korpus die gees."

**Lets:**
„Die man sê sy, wat my wil hê,
moet, ,ja' en ,nee' beslis kan sê.

**Soois en Martie:**
„Die liggies soek mekaar weer op
In water wat teen walle klop."

**Gerrie v.d. Berg:**
„Soos 'n berg ongebuk,
breed en bonkig van stuk."

**Chris Lessing:**
„O vra my nie my liefde,
Ek het dit weggegee
Aan 'n kleine koringblommetjie
En aan die grote see."

**Ammie:**
„Wys my die plek waar ons saam geslaan het,
Eens toe jy myne was . . ."

**Hoppies:**
„Die gelaat hap vir hap
Uit die kranse gehap.'

**Martiens v.d. Walt:**
„Jy bly prinses van verre
en ek die troebadoer."

**Joggem:**
,Verheugenis en raserny
veroorsaak sy."

**Willem de K.:**
„In die najaar verkleur die blare as hul dink hoe groen hul in die voorjaar was."

**Fanie le Roux:**
„The light that lies in a woman's eyes.
Just lies and lies . . ."

(Vervolg van bls. 8, kol. 3).

aap voor 'n geriffelde spieël, slaan ons die uit-ongeërgtheid-gebore aksies van ons moedige held gade. Hoewel afgemat deur 'n reeks van bloutjies (waarin sy krag juis skuil) is hy, soos ons hom ken, alweer gereed om nog 'n sport te styg. Met gespanne lagspiere wag ons op sy volgende maneuwers, of soos hy die verkies manewales.

(Vervolg op bls. 12, kol. 1).

VAN BLOMMESTEIN'S
**BOTTELSTOOR**
**NUWE GEBOUE**
(Regoor Standard Bank)
**King Edwardstraat,**
**POTCHEFSTROOM.**
Foon 72, Posbus 46,
Telegram.: "JEDEIKEN."
Onnodig om van die Kaap te bestel, 'n ondersoek sal u oortuig!
KRY DIE BESTE !

**KOM SIEN ONS**
vir u
Fotografiese- en
Aptekersbenodighede.

GEEN EN VELLEMAN,
**KING EDWARDSTRAAT,**
**POTCHEFSTROOM.**

**ANELLAS**
vir
**ALLES EN NOG WAT.**
Smaaklike Visgeregte,
Koue en Warm Etes.
Koue en Warm Dranke.
VRIENDELIKE EN DEEGLIKE DIENS WORD GEWAARBORG.

Pukke is altyd hartlik welkom by
UNIEWINKELS
as hulle in Johannesburg is.
**ONS VOORSIEN REEDS DIE VOETBALTRUIE EN KOUSE.**
**Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die KLEURBAADJIES.**
**UNIEWINKELS BPK**
Johannesburg.
**KERKSTRAAT 45.** **FOON 22-4746.**

## SOMMER KLETS.

**Gadland se Chris Viljoen** (die een met die kuif), het **Lidia Baker** geleer hoe Krugersdorpers hulle case bekend maak. Ons sien alleen kans om te sê dat hy haar in die openbaar gesoen het op 'n grasperk.

* * * *

Waarom is jy nie meer so lus om te gaan toer nie, **Victor?**

* * *

Gecasedes en verloofdes, pasop vir **Kampfer!** (Hy is nog maar in die Bing Crosby-stadium, maar as hy „Don Juan" sing, is hy gevaarlik).

* * * *

Die kat kom terug, en die muis is nie meer haas nie, of hoe **Benoon?**

* * * *

**Wit Piet Venter** van Gadland lyk doodgeryp, maar in die lente gaan hy glo uitbot. Pas dus op, dames.

* * *

Giel se ma hou glo 'n dieretuin aan. Behalwe 'n hele sirkus, het sy ook 'n bees en 'n mofskaap.

* * *

Volgens persberigte het een of ander Mej. **Magd Kol** aan 'n toneelfees deelgeneem.

---

(Vervolg van bls. 11, kol. 2).

Man van Yster! Waarvan sy naam dan ook tereg so vol is! Mag juis hierdie element sy epidermis nog verder verdik en versterk, om staande te bly teen die venynige reaksies vanuit die vestings, wat staan in die teken van die estetiese.

Opdat die gretigheid, waarmee sy bewonderaars die oomblik afwag om weer te kan skater in eerbiedige huldebrenging om sodoende hul sorge te vergeet, vir hom 'n aansporing wees!!

PHIRI.

## AN ANSWER.

"Breathes there a man with soul so dead
who ne'er to himself hath said,
This is my own, my native land,
Whose heart hath ne'er within him burned
As home his footsteps he has turned
From wandering on a foreign strand."

Our Motto: "Gadland über alles wenn as nur will."

You are right, Mr. Civilized, there is a residence named Gadland dooming up on the horizon, rising against the eastern horizon of those lagging behind, slouching in the mud, looking up to Gadland, as a dog looks up to his master for the crumb which falls from the table. I must congratulate you on your moral courage to admit the "Cavemen" to be honourable.

Speaking in our own language, which, in the mouth of the civilized to be become unintelligible gutteral sounds and clikkings of the tongue. I do not want Kyf-vlugter to be discouraged, because with a little hard study he might manage the vernacular belonging to us who are in a higher intellectual and civilized stage of development. The evolution theory of Dr. Broom is based solely on you as a less developed race in civilization.

We in Gadland do not shun our study duties, in following pleasures, we are not besotting ourselves with pipe and pot, in such a beastly manner suckling smoke and drinking healths until our enemies are at our doors. We stand up to our troubels, fighting with pen and sword to aquire that which you do not even notice.

"Gadland über alles wenn as nur will."

TEMPTED.

(Vervolg van bls. 10, kol. 2).

Hier het die geluk my weer soos 'n slag tussen die oë getref! Die eerste idioom was „om vlerk te sleep." Ek het dit so deeglik verduidelik dat die klok gelui het voor ons by nommer twee kon kom.

Maar wag. Vrinne, meer kan ek nie vir julle vertel nie. Nog net dit: ek sien my naam is weer op die Klipdrif-rol vir volgende kwartaal. Nouja, ou Piet Fennie het my al 'n paar lesings gegee en as ek terme soos „uit die staanspoor op die aanval wees," en „regte sielkundige moment," onthou, behoort ek na 'n paar vaste oefeninge weer daardie juffer met sukses aan te durf. Maar ek is bevrees ou Piet het sy merk te diep gemaak daar!

"Y.T."

MODERN FURNITURE MART
KERKSTRAAT 128,
VIR AL U MEUBELS.
„DE WALD RADIOS" in voorraad sowel as Slaapkamer, Draagbare en Tafelradiogramme.
REDELIKE PRYSE.
Maklike terme kan gereël word.

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.
ENKEL-LISSIE DAMESSKOENE
vanaf 29/6
EDWORKS (1936)
BEPERK
KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

Probeer ons eerste vir u
WINTERBENODIGHEDE
GROOT VOORRAAD OP HANDE EN PRYSE WAT ELKEEN KAN BEKOM.
:o:
BOTHA GOOSEN
Foon 430 POTCHEFSTROOM Posbus 81

Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom en uitgegee deur die P.U.K.-studente Verteenwoordigende Raad.